# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

29 Augustus 2013

Dagsê Almal

Die Eljada Huis sê **DANKIE** vir so baie seëninge wat hierdie week op ons uitgestort is. My hart loop oor en ek kniel in ootmoed voor Hom wat so in elkeen se hart gewerk het om die seëninge te laat geskied. Tanya se "blazer" en kampgelde is betaal maar daar was soveel donasies dat ek ook deels vir die ander 18 kinders kon help met skoolskoene, skoolgelde en skoolklere. Die uitdaging wat aan die kinders gerig was, is deur die ouers uitgevoer met groot dank. Kinders daar is en bly steeds 'n uitdaging vir julle hierin om vir hierdie 19 kinders ietsie by te dra wat hulle ontbreek. Soos julle weet is daar altyd uitgawes en "wenslysies". Hierdie kinders het meeste oggende nie eens ontbytkos nie en is afhanklik van die eerste pouse se broodjies wat by die skool uitgedeel word. Die wat kan, kom soggens hierheen om vinnig iets te kom eet voor hulle skool toe gaan. Hoe lyk dit, wil julle nie kosblikkies en botteltjies help koop sodat hulle mammas in die middag vir hulle 'n broodjie kan pak vir môreoggend nie? Ek kry nie genoeg melk, suiker en ontbytkosse (kits) om vir almal huistoe te gee nie. Hier is voldoende brood (skenking) maar margarien en broodjiesmere is net genoeg vir die huisgebruik. Ouers gee jul kinders die geleentheid om dit self te beplan en te bring. Kontak my vir meer besonderhede. Ons knielkussing projek is besig om te groei en ek is op soek na 'n dame wat my kan kom help met hierdie projek asseblief. Toesighouding en kwaliteitbeheer word vir my 'n probleem want ek is besig met die hele huis en buite om alles te bestuur en soms glip foute deur wat verhoed kon word. In 'n epos hierdie week het Faith laat weet dat daar dalk 1000 kussings vir Namibië gemaak moet word. Dis vir my "WOW" maar ek het hulp nodig. Die dames wat die werk doen is van die gemeenskap se vroue wat nooit voorheen eens naaldwerk gedoen het nie en nou dat ons so 'n groot aanvraag kry het hul leiding nodig. Baie dankie byvoorbaat.

Eljada Huis groete

Annatjie

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**

Ons onmiddelike NOOD is;

- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, rys, macaroni en spaghetti,koffie, tee, boksmelk, suiker, broodsmere soos mar garien, konfyt, stroop, grond boontjiebotter, bovril, kookolie, kitsontbytkos en eiers.
- KONTANT – R50 per maand.
- Huurgeld vir verblyf van gesinne wat in haglike omstandighede woon.
- Toiletware - alle